# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT

## FEBRUARIE / MAART

## 2007

## DANS

HG

Eerste Vraestel

609-1/1 A

DANS HG: Vraestel 1

10 bladsye

609 1 1A HG

X05

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

## GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**DANS HG**
**(Eerste Vraestel: Geskiedenis en Musiek)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 140**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.

## AFDELING A
## GESKIEDENIS VAN DANS

### VRAAG 1

Jou plaaslike buurtkoerant bied 'n jeugkompetisie in die skryf van resensies aan met 'n prysgeld van R10 000. Jy besluit om 'n **resensie** te skryf oor 'n dansproduksie wat jy in 2004 / 2005 / 2006 gesien het, aangesien dit dalk net die interessante materiaal mag wees waarin hulle sou belangstel. Struktureer jou resensie noukeurig en moenie enige inligting uitlaat nie, dit kan jou die prysgeld kos!
Struktureer jou resensie volgens die riglyne hieronder.

Neem kennis:

Die lewende dansproduksie (Vraag 1) moet <u>verskil</u> van die voorgeskrewe danswerke (Vraag 6).

1.1 Kopieer en voltooi die volgende tabel in jou antwoordboek.

| | |
|---|---|
| - Titel van danswerk | |
| - Uitvoerders: Naam van dansgeselskap | |
| - Uitvoerders: Naam van EEN hoofdanser/-es | |
| - Datum van optrede (maand en jaar) | |
| - Plek van optrede (saal en stad) | |
| - Choreograaf/-grawe | |
| - Stel- OF kostuumontwerper(s) | |
| - Musiek: Komponis(te)/Uitvoerder(s) | |

(4)

1.2 Skryf 'n paragraaf waarin jy kortliks die volgende beskryf:

- Die inhoud of storielyn
- Choreografiese styl
- Die toepaslikheid van die werk in Suid-Afrika vandag (5)

1.3 Jy het 'n besonder roerende opvoering deur 'n plaaslike dansgroep by die Grahamstadse Kunstefees gesien. Met jou terugkeer van jou vakansie kan jy nie wag om vir jou klasmaats alles van die dansgroep te vertel nie. Skryf neer wat jy van die dansgroep in die opvoeringsprogram gelees het. Verwys veral na:

1.3.1 'n Kort geskiedenis van die dansgroep en hulle artistieke bestuur (2)

1.3.2 Die huidige repertoire van die geselskap (2)

1.3.3 Die hoofdansers van die geselskap (1)
**[14]**

## VRAAG 2

2.1 Skryf VIER redes neer waarom mense in die samelewing dans en gee 'n voorbeeld by elke rede. (8)

2.2 Verduidelik aan jou vriend of vriendin van Australië wat die 46664-konsert alles behels. Noem wie die stigter van die konsert is en hoekom daar so 'n konsert in Suid-Afrika plaasvind. (6)
**[14]**

## VRAAG 3

3.1 Jy het aansoek gedoen vir die volgende dansposte:

- 'n Joernalis vir *Die Beeld* koerant
- 'n Finansiële bestuurder by die Suid-Afrikaanse Ballet Teater dansgeselskap
- 'n Dansopvoeder-pos by die plaaslike kunsskool

Noem TWEE vaardighede waaroor jy beskik vir ELK van die DRIE bogenoemde poste, om op jou CV te noem wat jou kanse kan verbeter om in diens geneem te word by een van die bogenoemde instansies. (5)

3.2 Jy wil 'n hulpfondsete ten bate van MIV/Vigs by die Nelson Mandela Teater in Johannesburg organiseer. Verduidelik wat die <u>beplanning</u> gaan behels, wat die <u>vermaak</u> gaan wees en noem DRIE <u>belanghebbendes</u> wat jy vir finansiële hulp sal nader. (5)
**[10]**

## VRAAG 4

4.1 As deel van 'n naweekkamp met jou jeugklub, moet jy 'n aanbieding oor jou gunsteling dansstyl of dansveld lewer. (Kies uit die tabel hieronder.) Berei 'n gebruikersvriendelike pamflet voor om aan elke lid van die gehoor uit te deel. Onthou om genoeg inligting oor die beginsels wat die dansvorm onderlê te verskaf, sodat jy hulle geïnteresseerd en entoesiasties oor die dansvorm kan maak. Voel vry om sketse by te voeg om sodoende jou aanbieding met visuele voorbeelde te verryk. (9)

| | | |
|---|---|---|
| Afrikadans | Danskomposisie (Choreografie) | Jazz-dans |
| Ballet | Volksdans (Nasionale karakterdans) | Latyns-Amerikaanse dans |
| Baldans | Griekse dans (Ginner-metode) | Spaanse dans |
| Kontemporêre dans | Indiese dans (Bharatha Natham/Kathak) | Klopdans |

4.2 Sluit die aanbieding oor jou gunsteling dansstyl af deur voorbeelde by te voeg van 'n bekende professionele danser in jou gekose dansveld. Beskryf kortliks die persoon se beroep, bewegingstyl en prestasies. Eindig die aanbieding op 'n hoogtepunt deur vir die jeuggroep 'n opwindende video van die professionele danser se beroepshoogtepunte te wys. Identifiseer die video. (5)

**[14]**

## VRAAG 5

As 'n onafhanklike dansgeskiedkundige is jy deur Pikkewyn-Uitgewers genader om biografieë oor choreograwe te skryf vir hul nuwe *Dans Woordeboek*. Verskaf biografieë van EEN Suid-Afrikaanse choreograaf en EEN choreograaf van die Verenigde State van Amerika. Verwys na hulle onderskeie loopbane, prestasies en danswerke.

5.1 Eerste choreograaf – Suid-Afrikaans (7)

5.2 Tweede choreograaf – Amerikaans (7)

**[14]**

## VRAAG 6

Jy is genooi om 'n praatjie te lewer oor danswerke vir die 702-geselsradiostasie. Kies TWEE danswerke uit die onderstaande lys waarin daar **voëlbeelde** voorkom. Berei aantekeninge voor oor die historiese konteks en choreografiese styl van elk. Vergelyk ook hoe voëlbeelde in die dekor, choreografie en kostuums in ELKEEN van die TWEE werke gereflekteer word.

| | | |
|---|---|---|
| *Bessie's Head* | *Gula Matari* | *Swanemeer* |
| *Giselle* | *Revelations* | *Tranceformations* |
| | *Die Ritus van die Lente* | |

**[14]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [80]**

## AFDELING B
## MUSIEK

## VRAAG 7

Bestudeer die aangehegte musiekpartituur op bladsy 10, **Variarion II, *Odile*** noukeurig.

7.1 Verduidelik die term *Odile* in die titel. (1)

7.2 Skryf die afkorting ***string***. volledig uit en gee die betekenis. (1)

7.3 Verduidelik die speeltegniek (verwant aan artikulasie) wat deur 'n klein kolletjie bo die kop van 'n noot aangedui word. (1)

7.4 Gee die Italiaanse term vir die effek in Vraag 7.3. (1)

7.5 Die musiek in hierdie partituur is 'n reduksie van die oorspronklike orkesparty. Watter instrument speel gewoonlik hierdie reduksie tydens 'n repetisie? (1)

7.6 Is die tydmaatteken saamgesteld of enkelvoudig? (1)

7.7 In watter maat kom 'n *decrescendo* voor? (1)

7.8 Wie is die komponis van hierdie musiek? (1)

7.9 Skryf 'n viermaatfrase met reggegroepeerde note in enkelvoudige drieslagmaat. (4)
**[12]**

## VRAAG 8

Voltooi elke sin deur die letter van die antwoord wat die sin die beste voltooi, neer te skryf.

8.1 Die hoogste vroulike stem is ________.

A. alt
B. sopraan
C. bariton
D. tenoor (1)

8.2 'n Trompet kan geklassifiseer word as 'n ________.

A. kordofoon
B. membranofoon
C. aërofoon
D. idiofoon (1)

8.3 'n Harp kan geklassifiseer word as 'n ________.

A. aërofoon
B. kordofoon
C. membranofoon
D. idiofoon (1)

8.4 Die laaste seksie in musiek word soms die ________ genoem.

A. *fine*
B. *allegro*
C. *presto*
D. *coda* (1)

8.5 Twee of meer note wat gelyktydig klink kan ________ genoem word.

A. harmonie
B. melodie
C. ritme
D. tempo (1)

8.6 3/4 is 'n aanduiding van ________.

A. tempo
B. ritme
C. tydmaat
D. pols (1)

8.7 *Crescendo* is 'n Italiaanse woord en beteken ________.

A. geleidelik sagter
B. geleidelik vinniger
C. geleidelik stadiger
D. geleidelik harder (1)

8.8 Die uitdrukking "'n Danser se telling" kan gedefinieer word as ________.

A. die eerste polsslag in elke tweede maat
B. die eerste polsslag in elke maat
C. die eerste en tweede polsslag van elke maat
D. die laaste polsslag van elke maat (1)

8.9 *Diminuendo* het dieselfde betekenis as ________.

A. *forte*
B. *allegro*
C. *piano*
D. *decrescendo* (1)

8.10 Die strykinstrument met die laagste omvang is die _______.

A. viool
B. kontrabas
C. altviool
D. tjello (1)

8.11 'n Elektriese ghitaar is 'n voorbeeld van 'n ________.

A. akoestiese instrument
B. houtblaasinstrument
C. simfoniese instrument
D. elektroniese instrument (1)

8.12 'n Kadens het gewoonlik twee akkoorde en kom gewoonlik _______ voor.

A. aan die einde van 'n frase
B. aan die begin van 'n frase
C. in die middel van 'n frase
D. Geeneen van bogenoemde. (1)

**[12]**

## VRAAG 9

Kopieer die bostaande tabel in jou antwoordboek en voltooi dit noukeurig sodat jy geen besonderhede uitlaat nie.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | TWEE musiekstyle | | | |
| 9.1 | DRIE persone in ELKE styl (6) | 9.1.1 | 9.1.4 | |
| | | 9.1.2 | 9.1.5 | |
| | | 9.1.3 | 9.1.6 | (6) |
| 9.2 | TWEE musiek- OF danswerke in ELKE styl (4) | 9.2.1 | 9.2.3 | |
| | | 9.2.2 | 9.2.4 | (4) |
| 9.3 | TWEE musiek-stylkenmerke van EEN van die style. Verwys na melodie en/of ritme, en/of harmonie, en/of dinamiek en/of toonkleur. (2) | Gekose styl: | | |
| | | TWEE stylkenmerke: | | |
| | | 9.3.1 | | |
| | | | | |
| | | 9.3.2 | | |
| | | | | |
| | | | | (2) |

Kies TWEE musiekstyle wat jy bestudeer het en skryf die name neer in die tabel.

9.1 Skryf DRIE name neer van mense wat jy met ELKE styl vereenselwig (bv. komponiste, uitvoerders, skilders, skrywers). (6)

9.2 Noem TWEE musiek- OF danswerke uit ELKE styl. (4)

9.3 Kies EEN van die twee musiekstyle wat jy in Vraag 9 gekies het. Skryf die naam van die styl neer teenoor 9.3. Noem TWEE stylkenmerke van die musiekstyl. Verwys na musiekelemente soos melodie, ritme, harmonie, dinamiek of toonkleur. (2)

**[12]**

## VRAAG 10

Jy is 'n ware boekwurm ("nerd") en het derhalwe geen vriende nie. Jy doen graag navorsing oor belangrike komponiste in jou vrye tyd. Kies EEN komponis wat danswerke gekomponeer het en skryf biografiese navorsing oor hom/haar neer. Verwys na sy/haar musiekloopbaan en sy/haar bydrae tot die repertorium van dans. **[12]**

## VRAAG 11

Kopieer die tabel in jou antwoordboek en voltooi dit noukeurig sodat jy geen besonderhede weglaat nie.

| Die danstipes: | 1. | 2. | 3. | 4. | |
|---|---|---|---|---|---|
| 11.1 Land van herkoms | | | | | (4) |
| 11.2 Tydmaatteken | | | | | (4) |
| 11.3 Hoe word die danstipe in die klas gebruik? Noem 'n spesifieke oefening by elk. | | | | | (4) |

**[12]**

Kies VIER van die volgende danstipes en skryf dit neer op jou tabel.

*Barcarolle, Bolero, Cha-cha, Charleston, Flamenco, Jakkalsdraf, Galop, Habañera, Kwela, Mambo, Masurka, Mbaqanga, Menuet, Polka, Polonaise, Ragtime, Rumba, Samba, Tango, Tarantella, Wals*

11.1 Noem die korrekte land van herkoms vir elke danstipe. (4)

11.2 Skryf die korrekte tydmaatteken by elke danstipe. (4)

11.3 Verduidelik hoe elkeen van die danstipes in die dansklas gebruik kan word en verwys na spesifieke oefeninge. (4)
**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [60]**

**TOTAAL: 140**

**b.o.**

## Variation II, *Odile*




EINDE